



**SAFARI DEN “MASTER RELOADER” EN OPE  
GROEPERINGSKIETKOMPETISIE  
8 NOVEMBER 2014  
BERGQUELL SKIETBAAN OKAHANDJA**

**INSKRYWING:**

- Kompetisiefooi: N\$500.00 per skut of per kaliber. (Ope en ‘reloader’ klas)
- Kompetisiefooi: N\$300 per skut of per kaliber (normale groeperings PMP/Pro-Amm reëls)
- **Inskrywings sluit op 31 Oktober 2014 om 18H00.**
- Die inskrywingvorm en betalingsbewys moet die organiseerder bereik voor die sluitingsdatum. Inskrywingsfooi moet direk in die bankrekening van die organiseerder betaal word voor of op die sluitingsdatum. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.
- U kan ‘n inskrywingvorm en betalingsbewys faks na **062-501006** of e-pos na [tobie@agra.com.na](mailto:tobie@agra.com.na).
- Inbetalings moet gedoen word in die volgende rekening:
  - Okahandja Shooters Club:
  - **Bank Windhoek, Okahandja Branch (482-773) Acc. No:2000233655**

**SKIETPROGRAM:**

- Die finale skietprogram en skutaflosindeling sal op Maandag, 3 November 2014 aan alle deelnemers gestuur word.

**DEELNEMERS:**

- Die deelnemer moet die lisensiehouer/wettige eienaar wees van die vuurwapen waarmee hy/sy deelneem.
- Junior skuts, onder 18 jaar/skoliere mag inskryf onder toesig van die ouer en deelneem met die ouer se vuurwapen wat in die ouer se naam gelisensieërd is.
- ‘n Man kan ook deelneem met sy wettig getroude vrou se geweer en andersom.

**DIE GROEPERING:**

- Die groepering word in 'n sittende posisie vanaf 'n skietbank geskiet.
- Alle groeperings moet met dieselfde geweer/kaliber geskiet word.
- **Ses** groeperings word onderskeidelik geskiet oor 'n afstand van 100m (3x) en 200m (3x), na 'n groeperingsteiken. (Ope en ‘reloader’ klasse)
- **Vier** groeperings word onderskeidelik geskiet oor 'n afstand van 100m (normale groepering – PMP/Pro-Amm reëls)
- NBSSA groeperingsteikens word gebruik vir die kompetisie.
- Die groepering word bepaal deur die afstand te meet vanaf die middel van die twee skote wat die verste uitmekaar is.
- Daar moet 'n minimum van **drie skote** op die deelnemer se groeperingsteiken wees.
- Vir elke skoot minder as drie op die teiken sal 25mm op die 100m en 50mm op die 200m groepering bygetel word per teiken.
- Die groeperingskote moet binne die raamteiken wees om te tel as deel van die groepering.
- Deelnemers wat skuldig bewys word van “crossfiring” sal gediskwalifiseer word.

**DIE BAANOFFISIER SE BESLISSING IS FINAAL.**

## AMMUNISIE:

- Deelnemers voorsien hul eie ammunisie.

## GEWERE EN TELESKOPE:

### KLAS 1: JAGGEWEER

Slegs bona fide jaggewere in die volgende kalibers mag gebruik word:

22-250 Remington	6.5x55 Swedish Mauser/ 260 Rem	7mm Rem Mag	303 British
222 Remington	6.5x57Mauser	308 Winchester	375 H&H Mag
223 Remington	25-06 Remington	30-06 Springfield	9.3x62 Mauser
243 Winchester	7x57 Mauser	300 Win Mag	338 Win Mag
6mm Musgrave	7x64 Brenneke	300 H & H Mag	270 Winchester

- 'n Bona-fide jaggeweer is 'n produksiegeweer met 'n magasyn; die geweer moet minstens drie (3) rondtes kan laai.
- Geweerlope moet die gewone produksie-tipe wees en mag nie 'n deursnee van meer as **22mm** by die loop se punt oorskry nie.
- **Knaldempers** sal toegelaat word.
- **'Muzzlebreakers'** sal nie toegelaat word nie.
- Die loop se lengte mag nie korter as 20duim wees nie. Die lengte van die loop word gemeet deur 'n skoonmaakstok in die loop te plaas met die geweer se slot toe. Die stok word tot teen die voorkant van die slot gedruk en gemerk waar dit by die loop se punt uitkom. Die stok word dan van die een punt tot by die merk gemeet om die lengte van die loop te bepaal.
- Geweerkolfbreedte mag maksimum 65mm wees.
- Teleskope – geen beperking.
- Slegs skiettafels en sandsakke wat op die dag van die kompetisie verskaf word, mag gebruik word. Skuts se self-verskafde en gemonteerde **'bi-pods'** sal **nie** toegelaat word nie. Geen **driebeen of klampreste** word toegelaat nie.
- Geen ander aanhangsels word op die geweer toegelaat, bv geweerbande ens.
- All gewere en ammunisie moet geïnspekteer word en sal gemerk word .

### KLAS 2: OPE JAGGEWEER

- 'n Ope jaggeweer is 'n geweer wat gebou is vir jagdoeleindes. Enkelskootaksies sal toegelaat word.
- Kaliber: 6mm PPC, 6mmBr, 30 PPC, 338 Lapua Magnum 50cal sal nie toegelaat word nie.
- Geweerlope – geen beperking.
- **Knaldempers** sal toegelaat word.
- **'Muzzlebreakers'** sal nie toegelaat word nie.
- Geweerkolfbreedte – geen beperking.
- Teleskope – geen beperking.
- Slegs skiettafels en sandsakke wat op die dag van die kompetisie verskaf word, mag gebruik word. Skuts se self-verskafde en gemonteerde **'bi-pods'** sal **nie** toegelaat word nie. Geen **driebeen of klampreste** word toegelaat nie.
- Geen ander aanhangsels toegelaat op geweer, bv. geweerbande ens.

KLAS 3: Normale groepering PMP/Pro-Amm reëls soos voorgeskryf.

## KATEGORIE EN PRYSE

**Pryse:** Safari Den koopbewyse met die onderstaande waardes per kategorie sal oorhandig word aan die klasweners.

<b>Klas 1 :</b>	<b>1ste</b>	<b>2 de</b>	<b>3de</b>
100m	TBA	TBA	TBA
200m	TBA	TBA	TBA
"Master Reloader"	TBA	TBA	TBA

<b>Klas 2:Ope</b>	<b>1ste</b>	<b>2 de</b>	<b>3de</b>
100m	TBA	TBA	TBA
200m	TBA	TBA	TBA
"Master Reloader"	TBA	TBA	TBA

<b>Klas 3</b>	<b>1ste</b>	<b>2 de</b>	<b>3de</b>
100m ope	TBA	TBA	TBA
200m junior	Slegs 1e plek		
100m dames	Slegs 1e plek		

Die weners vir Klas 1 & 2 word apart bereken as volg:

- 100m – Kleinste groepering
- 200m – Kleinste groepering
- 'Master Reloader': Die twee kleinste groeperings wat die skut geskiet het oor 'n afstand van 100m en die twee kleinste groeperings wat die skut geskiet het oor 'n afstand van 200m word bymekaar getel om die wenner te bepaal. Die wenner is die skut wie se totaal van die 4 groeperings die kleinste is.

## BAANKOMITEE

Die baankomitee bestaan uit lede soos aangewys deur die organiseerder op die dag. Die komitee se beslissings is finaal. Die komitee sal onder andere besluite neem oor die toelaatbaarheid van gewere, en enige ander omstredende kwessies.

## VERVERSINGS:

- Verversings en kos sal gedurende die dag te koop aangebied word by die skietbaan.
- Geen alkohol sal verkoop of gebruik word deur enige persoon totdat die laaste aflos klaar geskiet is nie.
- Etes, spitsbraai en slaai sal verkoop word die aand met die prysuitdeling teen N\$50.00 per persoon.

## VEILIGHEID

- **STRENG VEILIGHEIDSMATREËLS SAL DEURGAANS DEUR DIE BAANOFFISIER TOEGEPAS WORD**
- **OOR- EN OOGBESKERMING MOET TEN ALLE TYE GEBRUIK WORD**
- **DIE BAANREËLS SAL VAN TOEPASSING WEES OP DIE DAG.**

## NAVRAE

Meer inligting oor die kompetisie en tegniese vrae oor gewere en ammunisie is beskikbaar by die volgende personeel van Safari Den en Okahandja Shooters Club.

**André van Eck**

**Bestuurder: Safari Den**

[andreve@agra.com.na](mailto:andreve@agra.com.na)

061-2909293

of

**Tobie Barlow: Okahandja Shooters Club**

[tobiebarlow@agra.com.na](mailto:tobiebarlow@agra.com.na)

081 1490053



## INSKRYWINGSVORM:

### **SAFARI DEN "MASTER RELOADER" GROEPERINGSKIETKOMPETISIE 8 NOVEMBER 2014**

Naam & Van: \_\_\_\_\_ Selno: \_\_\_\_\_

ID No: \_\_\_\_\_ e-posadres: \_\_\_\_\_

Geweefabrikaat: \_\_\_\_\_ Reeksno: \_\_\_\_\_

Kaliber: \_\_\_\_\_ Wapenlisensie No: \_\_\_\_\_

Koeëlpunt: \_\_\_\_\_ Gr. \_\_\_\_\_ Dop: \_\_\_\_\_

Slagdop: \_\_\_\_\_ Kruit: \_\_\_\_\_ Gr: \_\_\_\_\_

Teleskoop: \_\_\_\_\_ Herlaaitoerusting: \_\_\_\_\_

Spitbraai: Aantal persone, N\$ 50.00 per persoon . \_\_\_\_\_

Hiermee vrywaar ek, die ondergetekende, Safari Den en sy werknemers, konsultante, lede en enige persoon wat namens Safari Den optree tydens die groeperingskiet, teen enige eise wat mag ontstaan as gevolg van enige doen en late deur Safari Den, (hetsy per abuis, direk, indirek of gevolglik), vir skadevergoeding, besering, verlies of verlies van lewe (huidig of toekomstig) (veroorzaak of toegelaat deur enige persoon wat ek of my naasbestaandes mag ly gedurende die skietkompetisie. Hiermee doen ek onherroepelik afstand van enige eise van watter aard ookal, wat ek of enige van my naasbestaandes of enige minderjarige persoon onder my toesig/beheer tydens die kompetisie mag hê teen Safari Den en ek vrywaar hiermee Safari Den teen alle en enige eise wat ek of enige van my naasbestaandes of enige minderjarige persoon onder my toesig of beheer mag instel. Ek aanvaar aanspreeklikheid vir alle skade, besering, verlies of verlies van lewe (huidige of toekomstig) wat veroorsaak mag word deur my nalatige en/of doelbewuste optrede tydens die gebeurtenis, aan enige persoon of eiendom en onderneem om alle eise op aanvraag te betaal. In die geval van 'n minderjarige in my geselskap (of by my afwesigheid), wat deelneem aan die gebeurtenis, gee ek deur my en sy of haar handtekening soos die wet mag vereis, hom of haar onvoorwaardelik toestemming om hierdie vrywaring te onderteken en om deel te neem aan die geleentheid. Ek bevestig ook verder dat ek daarvan bewus is dat die beoefening van die bogenoemde aktiwiteite inherente gevare inhou en onderneem ek om ten alle tye alle bevele na te kom. Ek onderneem ook om ten alle tye veilig met my vuurwapen te handel.

Geteken op \_\_\_\_\_ 2014 te \_\_\_\_\_

Handtekening \_\_\_\_\_